# KINDERKERK LES: Pinkster

**Doel van les:**

Op 'n verjaarsdagpartytjie tema gesels ons oor Pinkster.

**Ysbreker: Verjaarsdag maande:** Gee kinders kans om te soek vir ander kinders wat dieselfde geboorte maand as hulle het. Laat hulle sommer so in groepies staan en as almal klaar is, vra hulle watter maande elke groepie is.

Laat hulle dan gaan sit in hul gewone groepies.

**Sê:** Maatjies, vandag wil ek julle bietjie vertel van 'n spesiale verjaarsdag en 'n spesiale Geskenk. Ons gaan vandag leer van Pinkster, wat dan ook Jesus se kerk se verjaarsdag is.

Wie kan dalk vir my sê wat Pinkster beteken? Dit beteken 50. Ons het verlede week geleer dat Jesus na 40 dae terug is hemel toe. Jesus het mos vir Sy dissipels gesê om te gaan wag in Jerusalem vir 'n baie spesiale geskenk.

**Vra:** Wie moes al wag vir iets? Kan julle my vertel waarvoor en vir hoe lank julle moes wag? (Dalk verjaarsdag, vakansie, Kersfees, spesiale geskenk.)

Kry terugvoering

Weet julle wat? Die dissipels moes 10 dae wag nadat Jesus opgevaar het hemel toe voordat daardie spesiale geskenk gekom het. Ek gaan nou vir julle die storie vertel en julle moet mooi luister, want ons gaan 'n paar speletjies ook speel, want mens speel mos speletjies by 'n verjaarsdagpartytjie.

**Storietyd: Die Heilige Gees word uitgestort**

Vyftig dae nadat Jesus gesterf, uit die dood opgestaan en hemel toe opgevaar het, het Sy volgelinge bymekaargekom op die spesiale feesdag wat die Pinksterfees genoem is.

Skielik het hulle 'n geluid gehoor soos 'n sterk wind en vuurvlammetjies bokant mekaar se koppe gesien.

**Aktiwiteit 1:** Servet blaas: Gee vir elke kind 'n servet. Hulle moet nou vir 50 sekondes die servet in die lug hou deur dit net te blaas.

**Sê:** Sjoe julle het nou hard geblaas. Amper soos daardie wind moes geklink het wat die dissipels gehoor het.

Die vuurvlammetjies wat bokant elkeen se kop verskyn het, het hulle nie gebrand nie, maar was 'n teken dat die Heilige Gees gekom het.Toe help die Heilige Gees almal wat daar is om in vreemde tale te praat.

**Sê:** Ons gaan ook nou bietjie in verskillende tale praat.

**Aktiwiteit 2: Groet mekaar:** Gee vir elke groep een groet in 'n ander taal om gou te oefen. Gee nou vir elke groep kans om hulle groet vir die ander groepe te sê. Sodra elke groep 'n beurt gehad het, laat al die groepe gelyk hulle groet sê 5 maal na mekaar.

Groete wat gebruik kan word:

- Aloha
- Bonjoir
- What's up
- Goeiedag
- Shalom

Daar was ander mense daar rond wat van lande af gekom het waar hierdie tale gepraat is, en hulle kon verstaan wat die mense sê. Hulle was baie verbaas, want hulle het nie geweet dat die dissipels hierdie tale ken nie.

"Hoe kan dit wees?" het hulle gevra. Ander het gesê: "Hulle is dronk."

Maar toe praat Petrus met die mense. "Die profeet Joël het lank terug gesê dat hierdie dinge sal gebeur wanneer God sy Gees oor mense uitstort," het hy gesê. Omtrent 3 000 mense het daardie dag hulle harte vir Jesus gegee en is gedoop. Daarna het hulle saam met Jesus se ander volgelinge bymekaargekom om te luister na wat die apostels hulle leer. Hulle het ook saam gebid en Nagmaal gehou.

**Verhaal geneem uit Gunsteling Bybelverhale vir kinders, bl256-257, V. Gilbert Beers en Ronald A. Beers**

So was daardie dag die dag wat Jesus se kerk gebore is. Ons noem die kerk ook die liggaam van Christus.

**Aktiwiteit 3: Musical Body Parts:** Kinders moet gou 'n maatjie kies. Hulle moet onthou wie hul maatjie is. Speel nou musiek. Hulle stap nou in vertrek rond. Wanneer musiek stop, moet jy twee liggaamsdele uitroep wat nou moet raak. Kinders moet nou hardloop om by hul maatjies uit te kom en die liggaamsdele laat raak.

- Oor teen ken;

- Elmboog teen knie;
- Kop teen rug;
- Skouer teen skouer;
- Voet teen knie;
- Rug teen rug
- Oor teen elmboog.

Wanneer ons ons harte vir Jesus gee, kom woon Sy Heilige Gees in ons harte en ons word dan deel van Jesus se kerk. Jesus het voordat Hy hemel toe is ook 'n spesiale opdrag vir ons as Sy kerk of liggaam gegee.

**Aktiwiteit 4: Slot en sleutel:** Kry 'n groot slot met sleutel. Maak die slot toe en hou die sleutel uit sig uit. Wys die kinders die slot wat gesluit is. Laat hulle probeer om dit oop te maak deur dit te probeer oop trek sonder die sleutel natuurlik. Hulle kan nie, dis te moeilik en te groot en moeilike werk. Wys hulled at selfs jy dit nie kan oopmaak nie.

**Sê:** Maatjies, Jesus het ook vir Sy kerk, ons Sy liggaam op aarde 'n belangrike werk gegee. Die werk is groot. Hy wil hê ons moet in die wêreld vir ander van Hom vertel. Ons moet ander leer van Hom en om na Hom te luister. Sjoe, dis 'n groooooot werk! Hoe gaan ons al daai dinge kan doen?

(Haal slot uit) Die kerk het 'n sleutel nodig. (Sluit slot oop met sleutel) Hoe maklik is dit nie nou om die slot oop te kry nie. Net soos die sleutel die slot oopsluit, het Jesus die Heilige Gees vir ons gegee vir hierdie groot werk. Hy het die Heilige Gees gestuur om in ons te bly en te help. Sonder die Heilige Gees sal ons dit nooit kon doen nie. Wat 'n wonderlike Geskenk!

(Maak slot toe en gee kinders beurte om die slot oop te sluit met sleutel.)

Cupcakes of verjaarsdagkoek word uitgedeel en kinders kan lekker sit en eet.

Sluit af met gebed.